Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Chantal Adendorff**
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
Chantal.Adendorff@westerncape.gov.za | 021 467 2506

Lêerno.: 26/1/P
Verwysing: 20240918-6858

Omsendbrief: 0032/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

Kort opsomming: *Verhoging in die bedrae betaalbaar vir verskeie subsidies*

**Onderwerp: Verhoging in die bedrae betaalbaar vir subsidies vir losies in koshuise, privaat vervoer en privaat losies, asook personeelsubsidies aan koshuise en gewone openbare skole**

1. **Subsidies vir losies in koshuise, privaat vervoer en privaat losies**

1.1 Goedkeuring vir 'n verhoging van die volgende subsidies is verleen met ingang van **01 April 2025**:

1.1.1 Subsidies vir losies in koshuise
Die maksimum subsidie wat betaalbaar is vir losies aan behoeftige leerders wat ingeskryf is by koshuise wat aan gewone openbare skole verbonde is, is van R14 000,00 tot R14 644,00 per leerder per jaar verhoog.

1.1.2 Subsidies vir privaat vervoer en privaat losies
Die maksimum subsidie vir privaat vervoer en privaat losies wat aan behoeftige leerders in die Weskus-, Kaapse Wynland-, Eden en Sentale Karoo-, en Overberg-distrikte betaalbaar is, is van R5 8600,00 tot R6 130,00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Let asseblief daarop dat al die bogenoemde subsidies bereken word volgens die goedgekeurde middeletoets (kyk Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningsminuut 0001/2018, gedateer 09 Maart 2018) en die kriteria soos uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998, gedateer 06 November 1998, asook Omsendbrief 0029/2001, gedateer 13 Maart 2001.

2. **Personeelsubsidies**

2.1 Goedkeuring is ook verleen vir die verhoging van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2025**:

2.1.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan skole met 'n inskrywingsgetal van minder as 201 leerders by gewone openbare skole vir die aanstelling van administratiewe en algemene dienspersoneel, is verhoog van R1 000,00 tot R1 046,00 per leerder per jaar. 'n Minimum van R52 300,00 per jaar sal aan 'n skool betaal word.

2.1.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan koshuise verbonde aan gewone openbare skole met minder as 50 leerders vir die aanstelling van administratiewe personeel, is verhoog van R14 000,00 tot R14 644,00 per leerder per jaar.

2.2 Let asseblief daarop dat die personeelsubsidies bereken is volgens die kriteria wat in Omsendbrief 0117/2000, gedateer 03 September 2000, en Omsendbrief 0025/2011, gedateer 11 Oktober 2011 uiteengesit is.

2.3 Die getal leerders wat gebruik word om die betaling van 'n personeelsubsidie te bereken, is in ooreenstemming met die leerdergetalle vir graad 1 tot 12, wat leerders met spesiale onderwysbehoeftes insluit, in die kitsopname vir die betrokke skooljaar.

2.4 Indien daar bevestig word dat 'n skool botallige staatsdienspersoneel het, sal 'n personeelsubsidie nie betaal word aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van 200 of minder leerders, of aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van 50 of minder leerders in die koshuise wat daaraan verbonde is nie.

3. Fondse sal slegs aan 'n skool oorbetaal word indien die distrikskantoor dit as finansieel gesond sertifiseer, soos gegrond op die finansiële aktiwiteite van vorige kwartale. As 'n skool voorts nie as finansieel gesond op of voor die einde van die boekjaar gesertifiseer word nie, kan die skool sy oordragbetalingsbefondsing verbeur.

4. Die kontakbesonderhede vir navrae is: **Subsidies.WCED@westerncape.gov.za**

5. Skole en/of koshuise word herinner aan sperdatums en betaaldatums soos uiteengesit in die skoolkalender, en uitgereik saam met Omsendbrief 0029/2024, gedateer 10 Oktober 2024.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-11-05